Date : January, 18 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 1

Polisie lok sy oudlede

Wil hul ervaring gebruik om misdaad in SA hok te slaan

Cobus Coetzee

As deel van die stryd teen misdaad het die polisie met 'n veldtog begin om oudlede wat uit die diens bedank het, op groot skaal terug te lok.

'n Omsendbrief is van 7 Januarie aan polisielede uitgestuur en advertensies is gister in drie Sondagkoerante geplaas met die oog daarop om oudlede terug te lok.

Dit kom te midde van 'n jaarlikse toename in sommige misdaadkategorieë, soos die sogenaamde trio-misdade (huisroof, roof by ondernemings en motorkapings) en die naderende Wêreldbeker-sokkertoernooi.

Volgens die polisie kan oudlede wat voor einde vandeesmaand om heraanstelling aansoek doen, nog in die huidige boekjaar werk kry.

"Ons soek meer lede, veral dié met ervaring, om weer as polisielede te werk. Dit is tot voordeel van die polisie," het asst.komm. Nonkululeko Mbatha, woordvoerder van komm. Bheki Cele, nasionale polisiehoof, gister gesê.

Van konstabels tot senior superintendente wat uit die diens bedank het, sal weer met dieselfde rang aangestel word.

Die heraanstelling van oudlede is niks nuut nie en dit gebeur deurentyd, het Mbatha aan **Sapa** gesê.

Pleks daarvan om aansoeke een vir een te oorweeg, is die beste opsie om die saak eens en vir altyd te takel.

Adv. Jan Henning SC, voormalige adjunk- nasionale direkteur van die nasionale vervolgingsgesag (NVG), het die stap verwelkom en gesê 'n uittog van polisielede uit die diens het 'n drastiese impak op misdaadvlakke en die polisie se bekwaamheid gehad.

"Dit is ongekend vir die regering om oudlede op so 'n groot skaal weer te probeer terug kry," het mnr. Nantes Kelder, hoof van gemeenskapsveiligheid by AfriForum en oud-polisieman, gister gesê.

Kelder kom uit 'n familie van polisielede. Sy pa, oupa en ouma was almal in die polisie. Hy het self 12 jaar vir die polisie gewerk.

Volgens Kelder het talle oudlede wat uit die diens bedank het, hom begin bel en gesê hulle wil terugkeer.

> "Dis ongekend vir die regering om oudlede op so 'n groot skaal te probeer terug kry."

Baie is egter skepties oor of die werksomstandighede verbeter het sedert hulle weg is.

"Sommige polisielede en veral wit polisielede het toe hulle weg is gevoel daar is nie 'n toekoms vir hulle nie. Die rassekaart is ook gereeld teen lede gebruik as hulle lakse diens wou bevraagteken.

"Hierdie probleme moet opgelos word en mense wat terugkeer, moet gerusgestel word dat dit sal anders wees," het Henning gesê.

Kelder meen oud-lede moet ook seker wees die heraanstelling is nie net vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi nie, maar dat hulle daarna 'n loopbaan sal hê.

Henning is bekommerd dat minder oudlede sal terugkeer omdat streng beperkings geplaas word op wie weer kan aansoek doen.

Oudlede wat nie weer mag aansoek doen nie, is:

- afgetredenes;
- dié wat die diens weens swak gesondheid of mediese redes verlaat het;
- mense ouer as 50 jaar;
- oudlede wat geloop het op voorwaarde dat hulle nie sal terugkeer nie;
- afgedanktes; en
- oudlede wat weg is voordat tug- of regstappe teen hulle afgehandel kon word.

Kelder meen die vlaag van mense wat die polisie weens post-traumatiese stres verlaat het, word ook uitgeskakel.

"Dié wat vroeg afgetree het of op mediese gronde weg is, se kundigheid kan steeds gebruik word," het Henning gesê.

Mbatha kon nie sê hoeveel polisielede die diens die afgelope tien jaar verlaat het of hoeveel weer aangestel sal word nie.

- Aansoekvorms en die vereistes om weer by die polisie aan te sluit is by www.saps.gov.za beskikbaar.